# KRONIEK

*M. Elaine Botha*

## DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR DIE BEVORDERING VAN CHRISTELIKE WETENSKAP*

Op 14 Oktober 1977 is die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap wat sedert 4 September 1964 bestaan het tydens 'n laaste kongres op Potchefstroom, ontbind.

### Vroëe geskiedenis

Die vroeë ontstaansgeskiedenis van hierdie organisasie is aan weinig mense goed bekend. Indien 'n waarde-oordeel gevel moet word oor die werk van hierdie Vereniging in die afgelope jare, dan is dit seker noodsaaklik om in hooftrekke die historiese wortels van die SAVCW na te gaan. So kan waarskynlik 'n beeld van die plek van die werk van dié Vereniging in die geskiedenis verkry word, en ook die kontinuïteit met die ontwikkelinge van die toekoms behou word.

Die wortels reik terug tot aan die einde van die negentiende eeu. In 1896 is die vereniging Korps Veritas Vincet van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gestig. In 1928 is ds. P.G.W. Snyman deur Korps afgevaardig om aan die universiteit van Stellenbosch 'n Calvinistiese Studentevereniging te stig. Hoewel die meerderheid studente aanwesig by hierdie verga-

* Historiese gegewens oor die ontstaansgeskiedenis en historiese wortels is ontleen aan 'n onderhoud met prof. H.G. Stoker en die *Bulletin*, jaargang 1, nommer 1, April 1965

dering aanvanklik daarteen gekant was, het 'n klein groepie studente oorgegaan tot die stigting van hierdie Calvinistiese studente-organisasies.

Enkele jare later tydens die bekende Du Plessis-saak is prof. J.D. du Toit van die PU gevra om ook in hierdie saak getuienis af te lê. Gelyktydig is prof. H.G. Stoker uitgenooi om die Calvinistiese Studentevereniging van Stellenbosch-universiteit toe te spreek. Tydens hierdie vergadering is die gedagte oorweeg om 'n federasie van Calvinistiese studenteverenigings tot stand te bring en ook aandag te skenk aan publikasies vanuit hierdie reformatoriese groep. Met groot entoesiasme is die FCSV (die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings) gestig en is besluit dat takke gestig sal word en gesamentlike weë vir publikasie van reformatoriese denkbeelde gesoek sal word.

Die eerste publikasie wat uit hierdie pogings voortgevloei het, was die driedelige werk *Koers in die krisis*. Daarop het 'n ander reeks van uitgawes gevolg, waaronder die bekende Ossewatrekreeks, die Verkennerreeks en verskillende monografieë. Die goeie samewerking wat tot in daardie stadium tussen verskillende Calviniste bestaan het, is baie ernstig deur die oorlogswolke vertroebel. Die broedertwis in die geledere van die Afrikaner met betrekking tot die lidmaatskap aan die Ossewabrandwag en die Nasionale Party het ook duidelik sy weerklank in die geledere van die Calviniste gehad.

### Oorlogswolke

In daardie stadium was daar reeds ses takke van die FCSV gestig te Unisa, Pretoria, Stellenbosch, Heidelberg, Wellington, Bloemfontein en Potchefstroom. In hierdie broedertwis is baie pertinent die eis gestel dat die Calviniste moes kies vir die OB of vir die Nasionale Party. Die meeste Calviniste het gevoel dat

hierdie keuse te eng was, maar het tog ten opsigte van die saak standpunt ingeneem.

Terwyl Wellington en Heidelberg in die hele aangeleentheid 'n betreklik neutrale standpunt ingeneem het, het Bloemfontein en Stellenbosch baie pertinent teen die OB en daarmee vir die Nasionale Party gekies. Die UNISA-tak het hom egter aan die kant van Potchefstroom geskaar. Te Potchefstroom self het die meninge met betrekking tot hierdie saak uiteengeloop:

Prof. F. Postma, die rektor, se standpunt was dat hy as rektor nie die universiteit by hierdie familietwis wou betrek nie en het daarom beide die OB en die Party bedank.

Prof. Joon van Rooy het homself egter met hart en siel in die Nasionale Party gewerp, gemotiveer deur die oortuiging dat hy as Calvinis die roeping het om binne die party self die beginsels van die Calvinisme uit te dra.

Prof. Dirk van Rooy was lid van die Groot Raad van die Ossewabrandwag en het die standpunt gehuldig dat hy in hierdie hoedanigheid die roeping gehad het om die OB in die rigting van die Calvinisme te beïnvloed.

Dr. J.D. du Toit weer was van mening dat beide lede van die Nasionale Party en van die OB almal deel uitgemaak het van sy eie volk en dat hy daarom die verantwoordelikheid het om by beide organisasies as lid aan te bly.

Ná hierdie gebeure is Stoker en andere geïnterneer vanweë hulle verbondenheid aan die OB. Dié stryd was dan ook die aanleidende oorsaak tot die latere skeiding van weë van die verskillende groepe Calviniste. Daar was egter ook ander oorsake gewees.

**VCHO en ACB**

Omstreeks 1949 was daar 'n groep jonger Calviniste wat besonder sterk gewerk het met die oog op die propagering van Calvinis-

tiese beginsels in die geledere van die NG Kerk. Vanweë die effek van die historiese kerkstryd tussen die NG en die Gereformeerde Kerk was dit vir hierdie groep besonder moeilik om hulle doelstellings binne die NG kerk te verwesenlik. Om hierdie rede het woordvoerders van hierdie groep Calviniste binne die NG Kerk versoek dat alle verbintenisse tussen Calviniste binne die twee kerklike verbande verbreek moes word, ten einde hulle in staat te stel om sonder etikettering as „Nederdoppers" binne die NG Kerk hulle Calvinistiese beginsels uit te dra. Deur hierdie groep is toe oorgegaan tot die stigting van die VCHO en die Christelike Volksbond wat hierdie ideale binne die geledere van die NG Kerk sou uitdra. Aanvanklik was lidmaatskap van die VCHO dan ook beperk tot die lidmate van die NG Kerk, terwyl die oorblywende FCSV-lede oorgegaan het tot die konstituering van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB), wat in beginsel bedoel was as 'n oop organisasie, maar in praktyk beperk gebly het tot lidmate van die Gereformeerde Kerk.

Die lidmaatskap van die VCHO is later verbreed tot lidmate van alle kerke, terwyl die enger geledere van die ACB ook algaande meer belangstelling van lede uit ander kerkverbande getrek het.

## Stigting van die SAVCW

Die direkte aanleidende oorsaak tot die totstandkoming van die SAVCW word in die eerste uitgawe van die SAVCW-Bulletin weergegee:

> „Tydens die besoek van prof. dr. D. Th. Vollenhoven van die Vrije Universiteit van Amsterdam as gasdosent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedurende Augustus en September 1963 het prof. dr. J.A.L. Taljaard (met medewete van kollegas te Bloemfontein en Potchefstroom) op 19 Augustus 1963 'n omsendbrief gerig aan die Suid-Afrikaanse lede van *„De Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte"* waarin hy hulle uitnooi na die afskeidskollege van prof. Vollenhoven op 20 September 1963 en na 'n saamtrek om hulle organisatories te konsolideer.

Na aanleiding hiervan is deur kollegas te Bloemfont in en Potchefstroom gevoel dat, weens die klein getal van Suid-Afrikaanse lede van die genoemde Nederlandse vereniging asook weens die groot afstande in ons land, dit verkiesliker is om 'n vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap te stig, omdat dit meer lewensvatbaarheid sal hê en daarmee ook meer bereik sou kon word. Gevolglik het proff. H.G. Stoker en J.A.L. Taljaard aan dosente van inrigtings van hoër onderwys en ander belanghebbendes, wat glo aan die betekenis van die lig van Gods Woord ook op die gebied van die hele wetenskap (Teologie, Wysbegeerte en die Vakwetenskappe) op 29 Augustus 1963 'n omsendbrief gerig met die uitnodigings om op 20 September 1963 die afskeidskollege van prof. Vollenhoven en op 21 September 1963 'n konferensie by te woon met die oog op stigting van 'n vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap. Die Konferensie te Potchefstroom (goed bygewoon, ook deur persone o.a. uit Bloemfontein, Kimberley en Pretoria) het na ernstige oorweging besluit om 'n *Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap* (SAVCW) te stig. As stigtingskomitee is gekies prof. dr. H.J. Strauss (UOVS), prof. dr. F.J. du Plessis (UP), ds. P.W. Jordaan (Pretoria), prof. dr. J.A.L. Taljaard (PU vir CHO) wat as sekretaris-penningmeester gefungeer het, en prof. dr. H.G. Stoker (PU vir CHO), saamroeper en wat as voorsitter gefungeer het.

Die stigtingskongres is op 4 en 5 September 1964 te Pretoria gehou.

Tot sover in hooftrekke die historiese wortels en die onmiddellike ontstaansgeskiedenis van die SAVCW en sy *Bulletin.*

**Bulletin**

Die SAVCW het in sy lyfblad, die *Bulletin*, oor 'n periode van veertien jaar 'n wye spektrum van wetenskaplike dissiplines gedek en 'n groot verskeidenheid van wetenskaplikes van haas elke universiteit in die land betrek.

Wat die bestendige publikasie van die *Bulletin* oor so 'n lang termyn des te merkwaardiger gemaak het, was die feit dat professor H.G. Stoker, bygestaan deur sy vrou, vir meer as nege jaar nie slegs as redakteur maar ook as enigste geldinsamelaar van die blad opgetree het. Eiehandig en persoonlik het hy geld ingesamel en borge genader ten einde die publikasie van die *Bulletin* moontlik te

maak. Hierby moet in berekening gebring word dat die SAVCW vir die volle duur van sy bestaan oor baie beperkte administratiewe hulp beskik het en dat mev. Stoker vir die grootste deel van hierdie tyd die administrasiewerk van die *Bulletin* alleen behartig het. Vir die laaste aantal jare het die Bulletin ook staatsteun ontvang van die departement Nasionale Opvoeding, en dit was juis die aankondiging dat hierdie steun aan tydskrifte drasties ingekort sou word vanweë die finansiële posisie van die land, asook as gevolg van die noodsaak tot die konsolidasie van verskillende publikasiepogings met verwante doelstellings op dieselfde vakgebied, wat daartoe aanleiding gegee het dat die SAVCW-bestuur sterk oorweging geskenk het aan die konsolidasie van pogings tot publikasie op Christelik wetenskaplike gebied. Eers is uitvoerige samesprekinge en onderhandelinge gevoer met die VCHO met die oog op die samesnoering van kragte vir die publikasie van 'n *Nasionale Joernaal* vir Christelike wetenskap, wat waarskynlik as gekonsolideerde poging vir sterk vermeerderde staatsteun in aanmerking sou kom. Hierdie poging tot samesnoering van kragte is egter in die wiele gery deur die beleid van die Buro verantwoordelik vir die oorweging van hierdie aangeleentheid, wat beslis het dat tydskrifte wat op 'n seksionele lees geskoei is, nie vir staatsteun in aanmerking sou kom nie. Die „seksionele" aard van die voorgestelde tydskrif verwys na die uitgesproke Christelike karakter daarvan. Hierdie beleid is natuurlik op allerlei fronte aanvegbaar: Eerstens val dit moeilik te rym dat 'n uitgesproke Christelik wetenskaplike tydskrif in 'n „Christelike" land met 'n Christelike onderwysbeleid as „seksioneel" bestempel sou word. Tweedens sou daar seker 'n sterk saak voor uitgemaak kon word dat 'n Christelik wetenskaplike groepering net soveel bestaansreg het soos enige ander wetenskaplike groep (neutraal, ensovoorts) en reeds ook, om hierdie rede as legitieme wetenskaplike belangegroep erken behoort te word.

Dit het egter nie geluk om hierdie nuwe *Joernaal* op die been te

bring nie en verdere onderhandelinge is met *Koers* gevoer met die oog op die voortsetting van die publikasiewerk van die SAVCW via hierdie tydskrif.

Die werk wat deur die SAVCW as vereniging gedoen is, is oor- en opgedra aan die ACB, wat onder meer versoek is om 'n spesiale komitee in die lewe te roep met die oog op die propagering van Christelike wetenskap en skakeling met organisasies met verwante doelstellings.

Mede as gevolg van die inskakeling van die *Bulletin* het *Koers* sy penne ver en wyd ingeslaan. Medewerkers, skakelredakteurs en kontakpersone is benoem en so is 'n netwerk van redaksionele kragte oor die hele land tot stand gebring. Hierdeur is 'n veel wyer opset tot stand gebring as wat *Koers* alleen as blad van die personeel en studente van die PU en die *Bulletin* as lyfblad van die SAVCW afsonderlik kon dek.

## Christelike denke

Beoordeel 'n mens die werk van die SAVCW en sy *Bulletin* binne die breër raamwerk wat hier geskets is, dan is dit duidelik dat dit 'n belangrike skakel in die ketting van ontwikkeling van die Christelik reformatoriese denktradisie was en dat die werk wat prof. Stoker in alle beskeidenheid begin het, nie doodgeloop het nie, maar deel geword het van 'n groter, beter georganiseerde en geïntegreerde opset. Hierdie organisasie, met sy tydskrif, het in vele opsigte die grondslae gelê vir die steier- en bouwerk wat in 'n verskeidenheid van wetenskaplike dissiplines gelê is.

In die fase waarin die gedagte van Christelike wetenskap nog ingang moes vind en wetenskaplikes in Suid-Afrika nog bewus gemaak moes word van die noodsaak van wetenskapsbeoefening in die lig van die Woord van God, het die SAVCW met sy *Bulletin*, naas ander Christelik wetenskaplike tydskrifte, 'n sleutelrol ver-

tolk. Die sleutel kon gebruik word om verskeie deure oop te sluit wat toegang verleen tot wetenskaplike werkruimte wat daarsonder nie betree sou kon word nie.

**

## BYSKRIF

*Koers* ervaar telkens weer die vrug op die arbeid van hierdie bewegings ter bevordering van die Christelike denke. Wetenskaplikes wat strewe na 'n Christelike begronding en beoefening van hulle dissiplines, werk vanuit verskillende oorde op die mees spontane wyse mee, en die kring van belangstellendes word steeds wyer. Vir die gesprek en medewerking onder geesgenote staan *Koers* steeds oop en betüig sy dank en waardering aan elkeen wat aan hierdie onsigbare gebou help bou het.

*Red.*